



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 8 September – Filemon 1 - 21

Stil word en aanbidding: Dink bietjie oor die week. Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Lees Psalm 139: 1-6, 13-16 as 'n gebed. Dink na oor wie jy is in God se oë. En onthou, God kyk so na elke mens wat jou pad kruis.

Woord: Die brief aan Filemon is Paulus se kortste brief – die Griekse weergawe bevat net 335 woorde. Die brief is geskryf tussen 55 en 61 n.C. terwyl Paulus in die tronk was. Alhoewel Paulus eintlik bekommerd moes wees oor sy eie omstandighede, is hy meer bekommerd oor die slaaf, Onesimus en sy verhouding met sy eienaar, Filemon. In die Grieks-Romeinse wêreld kon byna enige iemand 'n slaaf word. Tussen 35 en 40% van die totale bevolking was slawe. Slawe het geen regte gehad nie, kon gekoop of verkoop word, kon mishandel word na die goeddunke van die eienaar en 'n slaaf wat weggeloop het, kon wettiglik deur die eienaar doodgemaak word. Filemon was waarskynlik 'n kerkleier in die gemeente van Kolosse. Dit is duidelik uit die brief dat Filemon en Paulus mekaar goed geken het. Paulus dit duidelik dat die brief bedoel is vir die hele gemeente. Lees nou hierdie baie persoonlike brief se 21 verse.

Gesprek:

1. Vergelyk vers 1 en vers 17. Wat is betekenisvol daaraan?
2. Wat leer ons oor vergifnis en versoening in die brief? Het iemand al iets aan jou gedoen wat jy sukkel om te vergewe? Noem voorbeelde van dinge wat ons sukkel om te vergewe.
3. Wat gebeur met jou wanneer jy 'n '*grudge*' teen iemand het? Waarom dink jy moet Jesus-volgelingen ander vergewe?
4. Wat hoor ons in vers 19b oor die rede waarom ons moet vergewe?
5. Vertel van 'n keer waar jy ervaar of gesien het hoe liefde en vergifnis verhoudings verander het.
6. Hoe word Filemon en Onesimus se status verander? Watter lesse kan ons hieruit leer oor die ongelykheid wat daar in ons land tussen mense bestaan? En watter reaksie vra dit van ons?
7. Dink en gesels oor die stelling: *Hierdie teks breek deur die sagte sappige oppervlak van "ek is lief vir Jesus en Hy is lief vir my" en roep ons op tot 'n radikale nuwe menswaardigheid. Die brief aan Filemon beur verby die snoesige gemeenskap van eendersheid en vra 'n waagmoedige omhelsing van "die ander"*

Om te doen: As jy iemand moet vergewe, moenie uitstel nie! Doen dit hierdie week nog! En om vergifnis te vra, beteken soms dat jy bereid moet wees om reg te maak wat die verhouding in die eerste plek seergemaak het. Moet dit ook nie uitstel nie!

Afsluiting: Bely in die volgende week elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: *"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."*